

13 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 97
Fokusgedeelte: Psalm 97

Ek is bly, want God se heerskappy maak regverdig

Die Here se heerlikheid is soos 'n verterende hemelse vuur, te groot vir die mens om te sien – Hy bedek Hom met wolke en diep donkerheid. Daarteenoor is sy reg en geregtigheid geopenbaar vir almal om te sien. Sy weerligstrale, die berge, die hemel en die aarde, die hele algemene openbaring dra die getuigenis dat sy regering op reg en geregtigheid gebou is. Boonop moet Hy (vs 7) as die enigste God geëer word.

Toe die Here die Wet gegee het (Eks. 19) was die volk diep onder die indruk van God se vreeswekkende teenwoordigheid. Daaruit het sy volmaakte Wet bekend geword. Nou sing die getroues (vs 8) hulle blydschap uit oor die Here se regverdige regering. Sion en die stede van Juda stel die verbondskinders voor, hulle wat deur God se liefde vrygespreek is. Steeds roep Hy hulle en ons almal wat in die verbond is op om ons vryspraak in daad om te sit – 'n regverdige lewe: Haat wat sleg is! Ons moet ons lewe skoei op sy geopenbaarde sedewet.

Ons kon dit nie doen nie, maar daar het lig gekom. Jesus Christus het die ware betekenis van die wet aan ons kom leer; Hy het in ons plek God se verterende straf vir ons oortreding van sy Wet gedra. Al verdien ons dit nie, het God ons in die toepassing van sy regverdige oordeel vrygespreek. Dit is die grootste blydschap vir ons wat Hom liefhet.

Die aarde moet ook hieroor juig tot by sy eindpunte – die eilande, hulle moet bly wees. Maar die wêreld is blind vir God se heerlikheid en daarom vir sy regverdigheid. Nou bring God se openbaring in die natuur hulle nie by Hom uit in blydschap nie. In Jesus wat as die lig vir die wêreld gekom het, sien ons reeds die volle lig wat kom by sy wederkoms, maar die Psalm sluit af met die oproep dat ons nou moet bly wees in die Here en sy heilige Naam prys asof daardie dag reeds aangebreek het.

Laat ons blydschap duidelik wys in ons prys van God se Naam. Onthou dat ons in die Heilige Gees moet doen wat die aarde ook veronderstel is om te doen – God se Naam te loof. Deur dit wat die Heilige Gees in ons werk, maak Hy ook die wêreld se oë oop vir die Ware Lig wat aan die kom is.

Sing: Psalm 48:4, 5 (1936); Skrifberyming 2-2:1, 2

Ds. J Malan (Burgersdorp)